# 2013-09-08_am_johan-geyser_psalms-as-metgesel._psalm_1_-_meditasie

**Sprekersleutel**

JG Johan Geyser

JG Goeiemôre, gemeente. Ons begin ‘n reeks oor die boek Psalms, en deur die eeue het gelowiges in die boek Psalms ‘n metgesel gevind. En een van die groot redes was omdat gelowiges hulleself kon vind in die boek Psalms. As hulle dit gelees het het hulle gevoel, agtergekom, ander mense het ook deur dit gegaan waardeur ek nou gaan. Deur watter seisoen van die lewe jy ookal gegaan het het jy woorde gekry, het jy begrip gekry, het jy ondersteuning gekry, ja, selfs rigting gekry van wat jy nou kan doen en wat jou volgende tree moet wees.

Ons vind in die boek Psalms ‘n baie interessante, ek wil dit ‘n alternatiewe manier noem, van om om te gaan met jou emosies. Twee groot dominante maniere in die tyd waarin ons lewe is enersyds om jou gevoelens te ontken. Ons vind dit baie in Christen kringe. Dis geloof. Glo net wat die woord sê. Ignoreer jou gevoelens, jou emosies. Bly net positief. Kyk net uit na wat die beste is, en dinge gaan vir jou uitwerk. Ontken jou emosies. Aan die ander kant, miskien meer in terapeutiese kringe, jy is jou emosies. Kom in kontak met jou emosies. Voel jou emosies. Gee oor aan jou emosies. So aan die een kant is daar die ontkenning, aan die ander kant is daar die verheffing van die emosies.

Deur albei hierdie twee paaie, het ons uitgevind, nie noodwendig lei tot emosionele geestesgesondheid nie. In die Psalms vind ons ‘n derde alternatief. Bid jou emosies. Jy word uitgenooi na ‘n hele ander manier van omgaan, van omgaan met dit wat binne in jou aan die gang is. En om in daardie lewe in te stap is Psalm een daar om jou te oriënteer. En al die Ou Testamentici, groot kenners van ons tyd, sê daar is ‘n groot rede hoekom Psalm een een is, eerste is. Hy oriënteer jou, help jou om in te gaan in die wêreld en die lewe van die Psalms, om die lewe deur te gaan met die Psalms as a metgesel.

En ons kry in Psalm een, ons gaan net na die eerste drie verse kyk vanmôre, in die eerste plek iets wat jy nie moet doen nie. Moenie wandel in die raad van die goddelose nie. Moenie staan op die weg van die sondaar, sit in die kring van die spotters nie. Maar daar is iets wat jy moet doen, in die tweede plek. Vind jou behae in die wet van die Here, en oordink Sy wet dag en nag. En dan, in die derde plek, is daar ‘n belofte. Wat sal met jou gebeur? Jy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome, vrugte gee op sy tyd, blare nie verwelk nie, en wat jy ookal doen voer jy voorspoedig uit. Ons vind ‘n beginsel, ons vind ‘n beoefening, en ons vind ‘n belofte.

So in die eerste plek, die beginsel. Die beginsel is dat jy êrens op pad heen is met jou lewe. Jy is besig om in ‘n rigting te beweeg. Die lewe is ‘n beweging êrens heen.

Die man loop, dan staan hy, en dan sit hy. Dis nie 'n pad wat vorentoe gaan nie. Dis regressie. Maar daar is eintlik nie iets soos stagnasie nie. Jy kan dink en voel ek het gestagneer, dan is dit dalk net omdat jy sit. Maar in watter rigting sit jy? Watter rigting het jy beweeg? So, die eerste groot beeld, en jy moet verstaan die Hebreeuse taal is 'n prentjie taal, en ons net met metafore besig as ons hier praat, is watter prentjie het jou van jou lewe? In watter rigting is jy besig om te beweeg?

Paulus het 'n heel ander beweeg... 'n heel ander ritme en manier van lewe. Hy sê jy begin met sit, sit, Efesiërs 2:6, in hemelse plekke. En dan begin jy te wandel uit jou sit uit as 'n geliefde kind, 5:2. En dan, as jy met die bose te doen kry, en op die bose dag wat alles verkeerd loop in jou lewe, dan staan jy net, 6:14. Having done all, just stand. Dis hoe ons baklei, staande. Ons staan net. Ek weier om te baklei. Dis hoe ons baklei. Ek staan. Dis 'n ander beweging in jou lewe, so die vraag is, in watter rigting is jou lewe besig om in te beweeg? Is dit na lewe toe? Is dit na welgeluksaligheid toe? Waarheen is jou lewe jou... besig om jou te vat?

Want wat jou lewe vorm is die raad. Jy wandel volgens raad, en dan gaan staan jy in 'n weg. Dis bietjie meer as raad, nê. Dis nou al 'n gestruktureerde manier waarin raad verpak word, 'n weg. Of jy gaan sit. Jy kry nou al 'n community. Jy kry nou al 'n huis. Jy kry nou al 'n plek waar jy jouself bevind. Ons almal lewe met dit. Ons almal het raad waarvolgens ons leef. Ons is... ons het raad gekry by ons ouers van vroeg af. Dis hoe die lewe werk. Dis hoe dit is. Ons professors, our peers and our parents. Dis die drie P's wat ons hoofsaaklik vorm, nê.

En... en nou... wat... hoe is daardie raad in jou lewe? Is jy bewus van die raad waarvolgens jy leef? Jy weet, jy kan baie selektief omgaan, soos die ou wat net wandel, eklekties. Ek vat 'n bietjie hier raad, ek vat 'n bietjie hier raad. Ek vat 'n bietjie raad van my... wat vir my werk. Of ek kan meer 'n weg vind. Ek kan bietjie langer stilstaan, vertoef, by 'n dominante manier van dink en doen. Of ek kan my totaal tuismaak in 'n community. Ek dink so, ek voel so, dit it hoe ek...

Dis interessant dat as Jesus Sy volgelinge roep Hy hulle uitroep uit die kondisionering waarmee hulle grootgemaak is, hulle kultuur, hulle ouers. Hy sê jy moet jou ouers, jou pa en jou ma moet jy verlaat as jy hulle nie haat nie. Wat bedoel... wat beteken...? Dit het te doen met 'n bewuswording van die stories waarmee ek myself vertel, 'n bewuswording van die raad, die wêreldbeskouing, die mensbeskouing, hoe ek na goed kyk. Dis 'n bewuswording van dit, en dit nie net klakkeloos te aanvaar, onnadenkend hierdie lewe in te gaan nie. Jy lewe met raad. Met wie se raad leef jy? Dit kan met goddelose mense se raad wees.

Nou, goddeloos beteken nie ek glo nie in God nie. Goddeloos beteken net ek vorm my lewe sonder God. Ek bou geluk in my lewe sonder God. Ek sien... ek... my besigheid sonder God, my gesin sonder God, my wat ookal sonder God. Dan is ek goddeloos. In hierdie opsig probeer ek my lewe vorm, of met sondaars. Dis 'n woord wat nie baie gewild is nie. Wat daardie woordjie beteken, letterlik, is om die doel te mis, so as jy skyfgeskiet het met 'n pyl en boog en jy tref nie die kol nie dan skree die ou vir jou, sonde. Jy het gemis, jy weet.

So wat mis ek? Jy mis die doel waarvoor jy in hierdie situasie eintlik voor bestem is. Elke objek, elke mens, elke ding het 'n doel vir sy bestaan. En wanneer jy nie instap in dit waarvoor jy geskape is en dit waarvoor jy gemaak is nie dan mis jy die doel en jy handel volgens die weg en die raad van mense wat die doel en die eintlike doel van jou skepping mis. En dan kan jy met spotters omgaan. Nou, spotters is iemand wat ligsinnig is. Dit is iemand wat nie die waarde kan ag van iets wat werklik waarde het nie. Dit is iemand wat waarde toevoeg aan iets wat nie waarde het nie en iets wat waarde het se waarde neem hy weg en hy sê, ag, dis nie waardevol nie. Dis 'n spotter.

Dit is om uit te vind wat is heilig. Is daar iets heilig? Wat is vir jou heilig? Wat is... is daar iets heilig vir jou? Ons begin in 'n wêreld te beweeg wat nie meer wortels het nie, wat nie meet goed ag nie, wat nie aan die regte goed waarde toeken nie, wat aan verkeerde goed begin waarde toeken. Goed wat nie waarde het nie word waardevol geag. Dis spotters. So dis 'n lewe wat gevorm word op hierdie manier.

Nou sê die skrywer vir ons, kom agter hoe lyk jou lewe. Werk dit vir jou? Is jy op pad lewe toe? Met watse raad, op watse weg, in watter kring sit jy? Is... sekerlik in jouself agtergekom jy is miskien nie 'n spotter nie, maar het jy al gespot? Verseker. Jy is miskien nie 'n goddelose nie, maar het jy al goddeloos opgetree? Verseker. En dis met baiekeer baie van ons pyn waarin ons agterkom, Here, ek het U nie geken in hierdie saak nie. Ek het U nie gesoek in hierdie saak nie.

Dis baiekeer waarin die grootste pyn in ons lewe opgesluit is, is in die dele waarin ons God uitsluit uit ons lewe uit. En dikwels met ons seksualiteit en met ons woede te doen, in manne se lewens. Maar dis 'n bewuswording, en dan is dit 'n verantwoordelikheid vat. Ek gaan nie op hierdie pad stap nie. Hierdie pad werk nie. Hierdie pad is nie goed nie. En dan is dit om 'n keuse te maak en te sê, maar ek wil 'n ander pad stap.

Nou, hier is die groot beginsel wat vir ons deurgegee word deur die Psalms, en dis 'n beginsel wat jy regdeur die Bybel kry. Jou oriëntasie is nie nou om die verkeerde in jou lewe te veg nie. Jou oriëntasie is nie om die verkeerde diep te begryp en daarmee om te gaan en jou fokus en jou oriëntasie op dit wat verkeerd is in jou lewe te sit nie, maar dis om te draai na wat jy moet doen. Vind jou behae in die wet van die Here en oordink dit. Dis die wet, kan ons sê... kan ons dit noem, van vervanging. Dit word vir my die beste geïllustreer in Efesiërs 4:28 waar Paulus sê, laat die een wat steel nie meer steel nie, jy weet, so as jy steel, moenie steel nie.

Maar luister hier, as jy net ophou steel doen jy nog glad nie wat die Here wil hê jy moet doen nie. Begin te werk met jou hande sodat jy iets kan hê, se Paulus. Kan jy sien, dis 'n diepgaande, totale heroriëntasie van jou lewe, en dit het diep psigiese dimensies. Jou hele identiteit, jou... ek voel nie meer die wêreld skuld my iets nie. Ek voel nie meer ek gaan by ander mense vat nie. Ek het respek vir ander mense. En ek verdien nou. Ek kyk nou na God as die bron, as wat vir my die deure sal oopmaak. Ek dank Hom vir die krag wat ek het. Ek dank Hom vir die geleenthede wat my pad... dis 'n totale nuwe oriëntasie tot die lewe.

En dan is jy nog nie klaar as jy begin werk het sodat jy self kan kry nie. Dan moet jy gee. Eers dan, eers dan, wanneer jy begin te gee, dan is die siklus voltooi. En ons

vind hierdie selfde beginsel hier. Moenie dit doen nie, maar begin om dit te doen. So wat moet ek doen? Vind jou behae in die Wet van die Here. Vir ons, die skrifte. Die Heilige Skrif, noem ons dit. Heilig, want hy is afgesonder van alle ander boeke in die wêreld, glo Christene deur die eeue, nou vir 2,000 jaar lank. En voor dit het die Israeliete gesê, van die Ou Testament, dis ‘n heilige geskrif.

Hy is van God af vir ons gegee in ons verhouding met God, om met God om te gaan. Hy kom na ons toe deur hierdie woorde. Deur hierdie stories vind ons ons storie in hierdie storie, in Sy storie, en ons vorm ‘n nuwe storie. Ons create ‘n nuwe storie deur hierdie stories waarin ons ingaan. Hierdie behae wat jy moet vind word aangeleer. Jy word nie gebore met dit nie. Jy moet dalk ‘n lang pad stap om eers tot die oortuiging te kom dat hierdie ‘n heilige geskrif is.

Paulus sê van hierdie geskrif, 2 Timoteus 3:16, 17, die hele skrif is deur God ingegee. All scriptures are God breathed. Die hele skrif is deur God ingegee. Dis nuttig tot lering, teregwysing, onderwysing, in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome toegerus kan wees. Jy weet, hierdie skrif sê vir jou wat, hy sê vir jou hoe, hy sê vir jou hoekom. Dis wat jy kan vind in hierdie skrifte, en jy vind ‘n toerusting in hierdie skrifte. Daardie oortuiging lê... is... sit nie almal van ons ons hier mee vanmôre nie. Jy moet dit kry.

Party van ons is hier juis vanmôre omdat jy dit ontdek het. Jy is juis hier vanmôre om iets van die woord te hoor, want iets gebeur met jou wanneer die woord... jy het uitgevind om jou behae... You delight in the Law of the Lord. Jy het uitgevind. Die ou rabbi’s het, toe hulle hulle volgelinge, die kinders, gevat het, hulle die Bybel geleer het, vir hulle heuning gegee, wat vandag se chocolates is seker. En dan sê hulle vir die kind, sê hierdie skrif op. Dan sê hy, eet hierdie chocolate. Eet ‘n stukkie chocolate. Proe, proe, proe. Dis hoe hierdie woord is. Dis hoe hierdie woord is.

Hierdie woord is soet. Hierdie woord is wonderlik. Hierdie woord is... jy gaan lewe uit hierdie woord uit. Neem hierdie woord in. Hulle het probeer om deur daardie assosiasies met heuning die assosiasie te maak met die woord van God. Dis ‘n lekkerny. Ek het dit nodig. Ek wil dit hê. Ek het dit... ek moet dit kry. So jy moet dit... jy moet eers daardie oriëntasie tot die skrif kry, wat is die skrif eintlik. En dan moet jy dit oordink. Engels, you’ve got to meditate upon it. Nou, die woordjie vir mediteer is die woordjie hägâ in Hebreeus, wat in Psalm een gebruik word. Dis interessant hoe die woord gebruik word in die res van die Ou Testament. In Psalm 31:4 word die woord byvoorbeeld gebruik vir ‘n leeu wat sy prooi vang, en hy lê by die prooi, en hy knor oor sy prooi. Hy hägâ oor sy prooi.

Hier is die twee groot konsepte wat na vore kom as jy kyk na hoe hierdie woord gebruik word, meditasie, wat vir ons ‘n begrip gee van wat Christelike meditasie is. Dit is om in te neem. Dit is voeding. En dit is die primêre metafoor wat ons ook in Psalm een kry. Dis soos ‘n boom wat geplant is by ‘n waterstroom. Hy kry sy voeding. Ek trek in wat vir my nodig is vir my siel. Jy weet, soos wat Jesus gesê het, ‘n mens sal nie net van brood alleen leef nie, Matteus 4:4, maar van elke woord wat uit die mond van God uit kom. Net so nodig as wat jy kos het om fisies te lewe, so het jy woorde nodig sodat jou siel en jou gees gevoed kan word, jou innerlike mens, jou ware jy.

Dis jou kos, woorde, en jy moet dit inneem, jy moet dit inkry. So een van die woorde en een van die gedagtes is om dit te herkou. Wanneer ek my kos herkou dan neem ek al die voedingswaarde wat daarin opgesluit is in my in sodat dit deel kan word van my wese. So hier is die basiese gebruik, hoe dit in oud Israel al begin is, in die vroeë kerk gevestig is. Jy vat die skrif, en dan gaan jy en jy bid eers, en jy vra God om jou nou te lei, om met jou te praat, om jou te voed, om na jou toe te kom deur die skrifte. Jy kom met 'n houding, met 'n ingesteldheid van 'n verwagting dat God met dit gaan doen en met my gaan praat.

En dan lees jy die skrif. Maar jy lees dit anders as wat jy 'n teksboek sal lees vir kennis. Jy lees dit anders as wat jy 'n koerant sal lees vir inligting. Jy lees dit anderster as wat jy 'n gediggie sal lees vir 'n poëtiese, estetiese ervaring. Jy lees vir wysheid, so jy lees stadig, jy lees aandagtig, jy lees luisterend. Jy is opmerksaam. Jy gee jou aandag aan elke woord wat gesê word in wat jy lees. Nou, van vroegs af was almal aangemoedig om hardop die skrif te lees. Dan let jy op watter woord of frase of idee of begrip na jou toe kom.

Wat dit beteken is die een wat jou fassineer, die een wat jou aantrek, die een wat nuuskierigheid by losmaak, selfs die een wat jou afstoot, waarin jy sê, no way, dit kan nie wees nie. Dis dalk hy wat nou na jou toe kom en wat jou aantrek. En dan vat jy net daar dit wat na jou toe gekom het. Dit kan net 'n woord wees wat na jou toe gekom het. En dan bepeins jy dit. Dan dink jy daaroor. Jy kan vrae vra soos wat beteken dit vir my? Wat het dit beteken vir daardie mense? Wat, hoekom, waar, wie, hoe? Jy kan al sulke vrae vra wat jou kan help om daaroor te dink.

Luther het 'n baie interessante akroniem gehad: TACS. Die T was vir teaching. Wat leer ek van God deur hierdie skrif? A staan vir adorasie, adoration. Waarvoor kan ek die Here nou loof en bewonder voor uit dit wat ek gelees het? Dan, C staan vir confession. Wat moet ek bely uit dit wat ek nou geleer het, en S vir supplecation. Waarvoor moet ek Hom nou vra om my te help met die besluit wat ek nou neem uit dit uit wat ek gelees het?

Ons moet almal ons eie weg kry, ons eie manier kry waarop ons begin te dink oor daardie... gebruik jou verbeelding. En Ignatius het 'n manier gehad waaruit ek die afgelope paar jaar soveel waarde uit put en nooit voorheen kon nie, was om jouself in te leef in die storie in en die storie sy eie lewe te laat kry en te laat neem. En selfs met die mense, soos in droomwerk, in gesperk te gaan, en met die mense wat in die verhaal deel is van mee te gesels, jou in te leef in daardie situasie in.

In die laaste plek, as jy uit daardie fase uitkom en dit sien gaan jy weer oor in gebed, en dan bid jy die skrif. Dit wat na jou toe gekom het, maak 'n gebed daarvan, 'n kort gebed, 'n frase of net 'n woord, en jy herhaal dit saggies en teer in jou binneste, aanmekaar. Die oomblik wat jy agterkom my gedagtes dwaal of ek begin aan ander dinge... dan bid ek dit net weer saggies, die woord, sê maar dis Vader, Vader. En dit is om in daardie woord in te sink, daardie woord in jou in op te neem.

Die ou kerkvader het gesê as ons die woord lees dan neem ons hom in. As ons hom bepeins dan begin ons hom te kou, en as ons kontempleer, dit is daardie gedeelte waar

ek die woord begin te bid en net met daardie woord te sit, dan word die woord deel van my. Die woord word vlees op hierdie manier, en dis ‘n beoefening wat ons aanmoedig vir elke mens elke dag. Jy weet, op daardie manier... dis wat ons doen in die Klipkerk. Elke keer as ons bymekaarkom dan lees ons net die skrif waarmee ons daardie week mee omgaan, en dan gaan ons vir meditasie, en ons gaan in stilte in om te dink, om te werk met hierdie skrif, want ons moet hierdie skrif in ons binneste inwerk. Dis anderster as om kennis te kry. Dis nie Bybelstudie nie.

Jy weet, Jesus sê, these words that I speak to you is not incidental additions te your life. It’s not home owner improvements to your standard of living. These words that I speak to you are foundational words, words to build your life on. Work these words into your life. Werk hierdie woorde in jou lewe in. Dis... dan sê Hy bietjie later, don’t just use them in your Bible studies. Work them into your life. En dis die manier waarop die vroeë kerk uitgevind het, maar ek werk hierdie woord in my in. Nou word hierdie woord vlees. Ek word die woord. Ek begin dit te dink, ek begin dit te voel, en ek kry hierdie totale nuwe oriëntasie in my lewe.

Hier is die belofte. Wat sal met jou gebeur as jy dit doen? Wat sal met jou gebeur? Jy sal soos ‘n boom wees wat geplant is by waterstrome. Jy sal wortel skiet. You’ll be rooted, sê die een Engelse vertaling. Jy sal kos kry. Jy sal voeding kry. Jy sal diep wees. Jy sal diepte kry. Richard Foster begin sy boekie, Celebration of Discipline, met hierdie woorde. Hy sê superficiality is the curse of our age. Oppervlakkigheid is die vloek van die eeu waarin ons leef, sê hy. Harde woorde om te gebruik. Hy sê ons is vlak, ons het nie meer diepte nie. Ek weet nie.

Jy moet self jou kos begin te kry. Jy weet, toe jy babatjie is moet daar kos vir jou gegee word. Maar wanneer begin jy self kos kry? Wanneer begin jy self te voed? Wanneer kry jy diepte? Wanneer is jy meer as net ‘n uiterlike dop? En vers vier is die interessante vers. So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. Kaf. Jy is net ‘n dop. Jy het nie ‘n kern nie. Jy leef net vir die uiterlike. Jy dra maskers. En nou die dag toe kry ek iemand wat vir my sê, ek haat mense wat maskers dra. Toe kry ek so ‘n gevoel, en dis jou masker, dat jy die ouens haat wat maskers dra. Ons almal het. Ons almal het.

Maar integriteit is om een te word, is om dit wat... dit wat jy sien kry jy by my. En ek het diepte. Ek is diep gewortel. Ek word nie rond... heen en weer gegooi nie. Ek kan staan. Ek kry my voeding. Maak nie saak wat gebeur nie, ek het die plek gekry. Daar is 'n plek en ek weet hoe om soontoe te gaan, en ek kry my voeding daar. En dan, boom wat by waterstrome sy vrugte gee op sy... jy kry vrugte. Jou lewe begin iets te produseer wat iets kan beteken vir ander mense.

Ons ontmoetinge is baiekeer ook so oppervlakkig. Ek kry partykeer die gevoel dat dit baiekeer gaan oor nuutgeit, die nuutste. Het jy nie geweet nie? So jy is voor. Jy het nou weer ‘n hele middag geGoogle, en nou het jy ‘n ding gekry wat ons niks van weet nie, en dit maak jou interessant. Jy is Dr Google, huh. Of ek skok jou. Jissie, het jy... dit is nie so nie, dit is so, en ek het my feite gekry, jy weet. Of jy is my net enetjie voor. Ek het dit nog nie gehoor nie, nou het jy dit al gehoor. Maar wat... al wat ons weergee is papegaaie, is... ons is spieëls wat gee wat ons hoor, en ons gooi die informasie rond.

Maar wanneer gee jy van jouself? Wat het jy om te gee wanneer jy in die woord sit en jy stap in hierdie lewe in? Dan begin jy vrugte te ontwikkel. Jy begin te gee, en jy kan uit jou lewe uit vir mense gee. En dan is jy soos ‘n boom wie se blare nie verwelk nie. Jy weet, ‘n ou verwag nog vrug in die seisoen, maar blare wat nie verwelk nie beteken dat jy deur al die seisoene van die lewe kan groei, of dit goed gaan en of dit sleg gaan. En jy is daardie... jy is ‘n boom wat geplant is by ‘n waterstroom. Dit hoef nie te reën nie; jy het ‘n waterstroom.

Die seisoen van die lewe waardeur jy gaan bepaal nie wie jy is nie. Jy kry jou lewe op ‘n ander plek. Filippense 4:11: I've learned to be in whatsoever circumstances I'm in, therein to be independent of circumstances, Moffatt se vertaling. Dit maak nie saak in watter omstandighede ek is nie en wat om my lewe nie. Ek lewe vanuit my kern uit. Ek lewe vanuit ‘n ander plek uit. Ek is geanker. Ek is gegrond en ek groei. Ek word beter; ek word nie bitter deur die klappe wat die lewe my gee en wat my pad langs kom nie. En dan het ek sukses in alles wat ek doen.

Nou, dit is belangrik, dink ek, om dit te verstaan in die konteks van al die Psalms. Ek dink nie ons kan, soos baie mense vandag maak, ‘n klomp Psalms uitsny. Jy weet, dis soos die boek Job. Sny hom uit. Job sê wat ek gevrees het het oor my gekom. Uh, ja, dis omdat hy bang was. Dis hoekom. Hy sê, moenie bang wees nie. Ons het nie ‘n gees van vreesagtigheid nie. Gooi weg die boek Job. Dis baie, baie... jy weet, as jy so omgaan het jy niks van die Ou Testament oor nie, het jy niks van die boek Psalms oor nie. Jy gaan so ‘n paar, Psalm een, Psalm 23, jy gaan so ‘n paar Psalms hê.

Maar jy kry die Psalms ook, baie donker Psalms. Brueggemann sê ons kry drie soorte Psalms: orientation, disorientation, and new orientation. Nou, die orientation Psalms is Psalm een, Psalm 23, die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie, nê, huh. Al gaan ek deur ‘n dal van doodskaduwee, man, net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe. Ja, wys my in jou lewe of dit so is. Nee, dit is nie so nie. Dis nie hoe die lewe werk nie. Maar jy kry tye wat jy so kan voel. Dis halleluja, die Here is op die troon, dis ‘n wonderlike dag. Daar is... die duiwel gaan nie standhou nie, jy weet.

Maar dan kry jy daardie donker dae. Dit werk nie uit nie. Here, waar is U? Jy weet, kyk na my vyande. Hulle floreer. Hulle gaan aan. Waar is U? Niks werk vir my uit nie. My siel is donker. Ek is in ‘n benoudheid. Dis disoriëntasie. Dis hoe die lewe werk en dit is hoe dit na jou toe kom. Maar dan is daar heroriëntasie. Dit is hoe dit is, maar weet jy wat, God is nog steeds my rots. Weet jy wat, ek kyk na God. God gaan my oorwinning gee. God gaan my hier uittel en God gaan my... en dis die patroon wat ons kry in die Psalms. Dis die patroon wat ons lewens aanneem. Dis die patroon waardeur ons groei, om gereeld... be defeated constantly by things bigger than ourselves.

En dan vind ek my pad. Ek het geglo Hy is my sekuriteit, maar sjoe, nou... waardeur ek nou is het ek uitgevind op ‘n manier wat ek nooit kon droom of dink of voel nie. Ek vind nou my sekuriteit in God. Ek vind nou my vreugde in God. Ek het dit gekry op soveel ander maniere en plekke. Dis hoe ons groei en dis waarheen ons gaan, so dit beteken nie, hierdie Psalm, dat dit op ‘n kontinuum loop, en dis wat Brueggemann

sê. Jy weet, die dominante ideologie in die wêreld waarin ons leef is dat die wêreld is... sukses is ‘n kontinuum. Dit gaan net al hoe beter, ‘n trappie hoër, verder, en ek het net sukses op sukses op sukses.

Ons het geen plek vir mislukking, ons het geen plek vir pyn nie, ons het geen plek vir verlies nie. Nee, dis nie wat die beteken nie. Dis deel van my hele pad na sukses toe, so dit beteken uiteindelik sal ek sukses hê en uiteindelik sal ek God se sukses hê. En dit kan beteken in ‘n sekere situasie dat ek eerder integriteit en eerlikheid het as wat ek baie geld maak. Wat is sukses regtig? Ek sal sukses hê. Ek sal Sy sukses hê. Hy sal vir my sorg. Hy sal na my kyk.

Wat sê hierdie Psalm? Ek dink hierdie Psalm nooi ons uit: kom lewe. Ek het ‘n lewe vir jou, sê die Here. Dink jy die Psalm sê vir ons Ek wil van jou ‘n boom maak wat by waterstrome is, wat ookal in jou lewe kom, dat jy gevoed kan word. Ek sal daar wees vir jou. Jy sal vrug gee. Jy is hier vir ‘n doel. Jy is... Ek het jou hier geplaas, uniek, met ‘n geskiedenis, met kontakte, met ‘n persoonlikheid, met ‘n DNA, met alles, om vrug te gee, om ‘n bydrae te maak in hierdie lewe. Ek wil jou sukses gee. Ek wil jou vat na ‘n lewe toe, en ‘n lewe van oorvloed.

Kyk na jou lewe, en ek dink dis waarmee die Heilige Gees... die primêre werk van die Heilige Gees, Hy oortuig jou van sonde. Hy oortuig jou van waar jy die doel mis. Kan jy sien hoe jy jou lewe ook afbreek? Aan die een kant bou jy, aan die ander kant breek jy af. En die Here sê vir jou, Ek wys jou. Jy sien dit. Ek wil vir jou sê, los dit. Kies iets anders. Vul jou lewe met My woorde. Jy sien, ‘n verhouding met God, die Christen spiritualiteit, is ‘n skrif spiritualiteit. Die skrif en die Gees is een, en ons verhouding met God word gevoed deur die skrifte en die werk van die Heilige Gees, deur die skrif in ons lewens.

Ons is mense van die boek, nog altyd, Christene, so Hy sê, kom, kom lewe met my. Kom vul jou gedagtes, dag en nag. Dit beteken nie ons kan die heeltyd net die Bybel lees en die heeltyd net opsê en... maar dit word iets wat in jou hart gaan lê. Al is jou kop met iets anderster besig vind jy uit jou hart is daar. Dis soos ware noord. Die heeltyd gaan jy... as jy jouself kry dan gaan jou gedagtes terug na dit toe.

Met watter ware noord leef jy? Waarnatoe gaan jou gedagtes, keer jou gedagtes elke keer na toe terug? Jy het ‘n noord. Jy het ‘n noord. Waarnatoe? Is dit jou bekommernisse? Is dit jou uitdagings? Is dit jou woede? Is dit jou pyn? Waarnatoe kom jou... as jy so in hierdie woord ingaan dan kom dit altyd terug na God toe, na die woord toe. Dis ‘n lewe, dag en nag, met ‘n nuwe bewussyn, ‘n consciousness. Die wêreld kry ‘n nuwe dimensie by, ‘n vierde dimensie.

En een van my vriende sê dis soos om jou ou wit en swart televisietjie... hy is ‘n monk, toe gaan ruil hy sy ou swart en wit televisietjie om, toe kry hy high definition kleur. Hy skrik hom wit. Hy sê dis ongelooflik. Hoekom het julle my nie al lankal daarvan vertel nie? Hy sê dis so mooi, hy sê, maar dis wat met my gebeur het met die Here. Ek het deur die lewe gegaan swart en wit, en skielik het ek dit ingeruil vir high definition. Die Here is in dit alles. Ek vind Hom orals. Hy is met my waar ek ookal mag gaan.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dan ons vanmôre hier kan saam wees. Ons dank U vir die woord wat 'n lig is op ons pad. Here, dankie dat U U woord lewendig maak en dat U agter U woord staan en ons uitnooi, ons oë oopmaak om te kan sien, ons ore om te kan hoor, ons harte om te kan begeer, om te kan soek. U weet waar elkeen van ons vanmôre is. Here, miskien is hier van ons wat op 'n verkeerde pad is, op 'n regressie, op 'n afdraende pad, op 'n pad wat lei na die dood toe, wat so reg lyk, wat so goed lyk, maar dis 'n pad sonder U.

Dankie dat U oortuig. Dankie dat U sagte, teer, liefdevolle stem gehoor kan word: kom na My toe. Ek het vir jou iets anders. Ek wil vir jou rus gee. Ek wil vir jou lewe gee. Jy maak jouself dood. Miskien is hier van ons wat heen en weer rondgegooi word. Ons is uit die oue uit maar ons is nog nie in die nuwe nie. Help ons met die vestiging. Help ons om U skrifte te neem en dit in te neem, dit in te werk in ons in, U woorde te hoor, dit te eet, op dit te lewe. Dankie daarvoor, Vader. Ons dank U. Help ons om te kan sien wat hierdie lewe is wat U vir ons het en waarnatoe ons uitgenooi word, in Jesus se naam, amen.

Die genade van die Here Jesus, die liefde van God die Vader, en die gemeenskap van die Heilige Gees wees en bly met elkeen van julle in hierdie week, amen.